

GERIGTE BEDIENING AS NAKOMING VAN JOU ROEPING

DIE ROEPING VAN DIE LERAAR EN DIE ROEPING VAN DIE GEMEENTE

HCG ROBBERTZE

14 JUNIE 2006

Lees: Jesaja 22:15-25

As ons vandag stil staan by die roeping van die leraar en van die gemeente, dink ek nie u verwag van my om hier 'n uiteensetting te gee van gedagtes rondom die uiterlike roeping van die predikant deur die gemeente en die innerlike roeping deur die Heilige Gees nie. U het vir my aangedui dat u wil hê dat ons hier baie prakties moet wees. Ek wil die klem van die lesing dan ook eerder laat val op roepingsvervulling, eerder as roeping as sodanig. Immers die tema van ons onderwerp gaan oor die “nakoming van jou roeping”.

U moet ook maar vergewe as ek weereens na riglyne in die Ou Testament gaan soek wanneer ek oor so 'n belangrike onderwerp praat. Ek belowe om soos 'n gereformeerde eksegeet ook by Christus en die Nuwe Testament uit te kom.

Terwyl ons dikwels in die profeet Jeremia te doen kry met woorde wat die profeet direk gerig het aan die adres van individue, is dit die enigste plek in die boek Jesaja waar ons woorde kry waar die profeet met 'n spesifieke persoon gepraat het. Die persoon met wie Jesaja hier praat is Sebna, wat 'n bestuurder (minister) in die paleis van koning Hiskia was. Die ander man van wie hier gepraat word is Éljakim. Hy het Sebna opgevolg as bestuurder in die paleis van Hiskia. Twee bestuurders se bestuurstyl in 'n belangrike pos word in Jesaja 22 aan ons voorgehou.

Natuurlik is daar baie vertrekpunte om by hierdie onderwerp uit te kom. U sou miskien verwag dat ons eerder oor ons profetiese verantwoordelikheid sou praat, want ons is as predikante tog mense wie se amp opkom uit die amp van die profeet. Uit die gedeelte wat ons saam gelees het, blyk dit egter duidelik dat die profeet hom ook bemoei het met die regeerfunksie in die koning se huishouding. Petrus pas hierdie gedagte ook toe op die verhouding tussen leraar en ouderling wanneer hy die ouderlinge vermaan as een van hulle mede-ouderlinge (2 Petr 5:1).

Soos Sebna en Éljakim in die paleis van die koning gewerk het, werk ons ook in die paleis van ons koning. Die kerk is die tempel en die paleis van God, die geestelike huis waar ons as predikante werk:

“terwyl Jesus Christus self die hoeksteen is, in wie die hele gebou, goed saamgevoeg, verrys tot 'n heilige tempel in die Here, ...” (Efes 2:20b-21)

Ja, die gelowiges is die gebou van God en Christus is die hoeksteen van hierdie gebou en ons werk aan en in hierdie gebou. Paulus skrywe dat hy soos 'n bekwame boumeester die fondament gelê het en dat 'n ander daarop bou, maar dat elkeen moet oppas hoe hy daarop bou want elkeen se werk sal deur vuur openbaar gemaak word (1 Kor 3:9 ev.).

'n Bekwame boumeester is tog 'n bestuurder. Welliswaar is die predikant ook 'n bestuurder van 'n bouprojek, maar dan tog in die huishouding van God. Daarom laat ons die lig van God se Woord val op die predikant se bestuursfunksie in die huishouding van God; in die gemeente. Die keersy hiervan, waaraan daar dan ook aandag geskenk moet word, is die roeping van die gemeente om hulle te laat opbou:

“ ... in wie julle ook saam opgebou word tot 'n woning van God in die Gees ...” (Efes 2:22) en van die gemeente wat opgebou moet word, word gesê:

“ ... julle is 'n uitverkore geslag, 'n koninklike priesterdom, 'n heilige volk, 'n volk as eiendom verkry, om te verkondig die deugde van Hom wat julle uit die duisternis geroep het tot sy wonderbare lig (1 Petr 2:9).

1 Die bestuurstyl van Sebna

Sebna was blykbaar 'n baie goeie skrywer (2 Kon 18:18). Die skryfkuns was in daardie dae nie baie wyd beoefen nie. In die huishouding van die paleis het hierdie man dus oor 'n talent beskik wat van hom 'n gesogde amptenaar gemaak het. Uit die aard van die saak het die paleisminister ook heelwat politieke mag en invloed gehad (Jes 22:21).

Waarop was hierdie man se ampsbediening gerig?
Sy ampsbediening was op homself gerig.

Die feit dat daar telkens gesê word wie se seun betrokke persone in ons gelese gedeelte was, maar ons nooit lees wie Sebna se pa was nie, dui daarop dat hierdie belangrike man in Hiskia se koninkryk nie van Israelitiese afkoms was nie. Hy was vreemd vir die mense onder wie hy gewerk het. Deur sy behepthed met homself het hy klaarblyklik ook nie veel moeite gedoen om sy mense te ken en een van hulle te word nie.

In die geskiedenis wou hy onthou word as 'n baie belangrike man. Daarom het hy vir hom 'n graf in die hoogte in 'n rots laat uitkap (Jes 22:16). Uit hierdie woorde blyk dat Sebna, wat eintlik van geen adelike afkoms was nie, hom aan die koninklikes wou gelykstel. Hy wou verseker dat hy saam met konings begrawe word.

Die ydelheid van hierdie man blyk ook uit die feit dat hy vir hom pronkwaens aangeskaf het (Jes 22:18). In die Septuagint staan hierdie woord in die enkelvoud. Pronkwaens was koninklike rygoed. Maar hierdie man wou ook in so 'n pronkwa ry.

Nou moet ons onthou dat Sebna die pos bekleed het in die tyd toe die Assiriese gevaar op sy hewigste was. Waarskynlik het Samaria en die Noordryk toe reeds tot 'n val gekom en kort na hierdie woorde van Jesaja, het die beleëring van Jerusalem plaasgevind. Dit was in 'n tyd van geweldige krisis dat hierdie man besig was om vir homself 'n naam te probeer maak deur sy weelderige lewenstyl. Hierdie situasie herinner aan die woorde van die Here deur die profeet Haggai wat na die ballingskap vir die Jode gevra het of dit wel tyd vir hulle is om in hulle betimmerde huise te woon terwyl die huis van die Here in puin lê? (Hag 1:4) Die optrede van hierdie man herinner ons ook aan die vraag wat Jakobus en Johannes, die twee seuns van Sebedeus, aan ons Here Jesus gestel het. Nadat hy aan die dissipels verduidelik het dat hulle na Jerusalem vertrek en dat Hy daar gespot, gemartel en gedood gaan word, het hulle Hom gevra:

“Gee aan ons dat ons mag sit in u heerlijkheid, een aan u regter- en een aan u linkerhand” (Mark 10:37).

Kom ons let op die uiteinde van hierdie soort bestuurstyl.

Deur die profeet word Sebna aangespreek. Hy gaan nie in sy praalgraf met luister begrawe word nie.

“Kyk, die HERE sal jou wegslinger, soos ’n mens iets wegslinger, en jou vas inmekaar rol, jou vas inmekaar draai soos ’n tol garing, jou soos ’n bal wegslinger na ’n land wat alkante toe wyd is; daar sal jy sterwe, en daar sal jou pronkwaens wees, ...”

Deur sy optrede word hy ’n skandvlek genoem:

“... o skandvlek van die huis van jou heer!” (Jes 22:18).

Hy gaan ook sy pos vir iemand anders moet ontruim:

“En Ek sal jou wegstoot uit jou pos, en uit jou plek sal Hy jou wegruk” (Jes 22:19).

Hoe verskriklik is dit nie as ’n bestuurder in die huishouding van God daarop ingestel is om vir homself ’n koninkryk op te rig nie! As predikant moet ons met die grootste omsigtigheid daarop let dat alles wat ons in die gemeente doen, nie op onself ingestem is nie. Dit is duidelik dat die persoon wat as predikant op homself ingestel is, nie sy mense ken nie. Hy vermy huisbesoek want net hy is belangrik in sy bediening. So ’n predikant se bediening is ook daarop gerig om vir homself ’n naam te maak en eer te ontvang. Hy skaf vir hom ’n pronkwa aan en is so gefokus op die belangrike en ryk mense in die gemeente dat hy selfs saam met hulle begrawe wil word. Daarom sal hy ook nooit genoeg geld hê vir al die goed wat hy graag wil hê om indruk te maak nie. Dit is wanneer hierdie dinge met ons gebeur, of selfs nie gebeur nie, dat ons baie eergevoelig en liggeraak word. Kleinserigheid is die waarskuwingsteken van ’n selfgerigte bediening.

2 Die bestuurstyl van Éljakim

Teenoor die bestuurstyl van Sebna, word die bestuurstyl van Éljakim aan ons voorgehou.

2.1 Eerstens word genoem dat hierdie man die seun van Hilkía was (Jes 22:20). Hy was nie ’n vreemdeling vir sy mense nie. Sy bediening was gerig op mense wat aan hom bekend was. Hy was een van hulle.

So hoort dit ook in die huishouding van God. Ons lees:

“So is julle dan nie meer vreemdelinge en bywoners nie, maar medeburgers van die heiliges en huisgenote van God, gebou op die fondament van die apostels en profete, ...” (Efes 2:19-20a).

Jesus het self ook gesê:

“Ek is die goeie herder, en Ek ken my eie en word deur my eie geken” (Joh 10:14).

’n Gemeentegerigte bediening is ’n bediening wat moeite daarmee maak om die lidmate van die gemeente te ken en nie ’n vreemdeling vir hulle te wees nie. Geen mens kan ’n bestuurder van God se huishouding wees as hy nie God se kinders ken nie! Daarom skrywe Paulus ook dat hy vir die Jood soos ’n Jood en vir die Griek soos ’n Griek geword het (1 Kor 9:20-21). Dit het egter nooit vir hom daarvoor gegaan om onder alle mense

gewild te wees nie, maar “om soveel van hulle as moontlik te win” (1 Kor 9:19) vir die koninkryk van God. Al was hy dan ’n dienskneg onder hulle, het hy nooit ’n slaafse onderhorigheid aan hulle gehad nie, maar hy het steeds ’n vryheid in sy verhouding jeens hulle almal gehad (1 Kor 9:19).

In die bedieningspraktyk beleef die prediker egter, ten spyte van sy diepgaande kennis van sy gemeentelede, dat hy self besig is om te vereensaam. Die tragiese is dat menige predikant ervaar dat hy selfs nie sy kollegas kan vertrou met sy eie probleme nie. Die predikantekorps gaan ook maar gebuk onder die sonde van professionele jaloesie.

Elke bestuurder van ’n onderneming ervaar hierdie soort eensaamheid. In ’n sekere sin is dit maar deel van die lydensweg wat ons ook saam met Christus moet bewandel. Maar juis daarom is die lewensmaat, wat Christus vir ons gegee het, so ’n belangrike “hulp wat by ons pas”. Verder moet ons onthou dat ons een van die sterre is wat Christus in sy hand hou (Openb 1:16 en 20; 2:1). Dit is die voorreg wat ons as predikante het om baie naby ons Here Jesus Christus te leef. Ons mag daagliks ’n Moseservaring op die berg Sinai beleef. Daarom moet ons verdra en lydszaamheid besit, ter wille van sy Naam bly arbei en ons moet nie moeg word nie (Openb 2:3). Let egter ook op die daaropvolgende vermaning om nie ons eerste liefde te verlaat nie (Openb 2:4).

As predikante mag en moet ons ook ’n stokperdjie beoefen. Om dit te doen waarvoor jy lief is, is terapie vir ’n eensame en moeë gees. Ons moet ook nie skroom om vir berading te gaan as ons dit nodig het nie. Dit is nie ’n skande om soms ’n geknakte riet met ’n gebroke gees te wees nie. Christus het nie gekom om die geknakte riet te breek of die dowwe lamppit uit te blus nie!

2.2 Tweedens word gesê dat Éljakim ’n geroepene van die Here is

“En in dié dag sal Ek ... Éljakim, die seun van Hilkía roep; ...” (Jes 22:20) .

Dit was sekerlik die koning wat bestuurders in sy ryk amptelik aangestel en afgedank het. Die feit dat ons egter hier lees dat die Here sê dat Hy Sebna en Éljakim geroep en aangestel het, wys daarop dat dit Hy is wat die bestuurder van die Dawidshuis roep, aanstel en afdank. Daarom moes die bediening van die paleisbestuurder eerstens op Hom as hoof van die huishouding ingestel wees. Omdat dit Hy is wat hulle tot hulle ampswerk geroep en aangestel het, was hulle in die eerste en laaste plek vir die uitvoering van hulle ampswerk aan Hom verantwoordelik.

So ontvang ons wel ’n uiterlike roeping van gemeentes, maar is dit eintlik die Here wat ons deur sy Gees en Woord innerlik roep om sy “paleisbestuurder” in sy koninklike huishouding te wees. Roepingsgehoorsaamheid behels nie net om ’n sekere pos te vul nie, maar om met jou hele wese te werk aan die bestuur van sy huishouding sodat daar gladde funksionering van die hele onderneming kan wees en die Naam van Hom wat geroep het, verheerlik kan word.

Die woorde “ ... en in dié dag” het ook ’n besondere betekenis teen die agtergrond van die Here wat roep. Dit was in ’n besondere krisistyd dat die Here juis Éljakim geroep het. Nie

alleen het sy voorganger vreeslik droog gemaak en in 'n skande betrokke geraak nie, maar dit was ook die tyd dat die Assiriese gevaar op sy grootste was en die Here het iemand besonder nodig gehad om sy lojale koning, Hiskia, te ondersteun.

Elke dominee word in 'n besondere spesiale tyd na 'n sekere gemeente geroep omdat die Here vir hom, met sy besondere gawes en toerusting, in daardie besondere tydsgewrig, in daardie besondere gemeente, wil gebruik.

Van der Woude haal Junker as volg aan in sy kommentaar op die profeet Haggai:

*“Wenn ein Mann der **die Notwendigkeiten seiner Zeit** richtig sieht und sein Volk zu ihrer Erfüllung auffordert, gross ist, dann darf Aggäus zu den grossen Männern seines Volkes gerechnet werden”*

As ons werklik dienaars in God se koninkryk wil wees, moet ons nie oor die kudde van God wil heers nie. As geroepenes van die Here moet ons mense met ons kan saamvat om daardie dinge te doen wat noodwendig in 'n spesifieke tydsgewrig gedoen moet word. As ons dit deur die genade van die Here kan regkry, sal ons groot genoem word!

Roepingsbewustheid skep by die predikant die voortdurende soeke na daardie ding wat nou vir hierdie spesifieke gemeente, waar hy arbei, noodsaaklik is om gedoen te word, sodat daar nie stagnasie en doodsheid intree nie. Wanneer hy dit met biddende opsien geïdentifiseer het, moet hy die mense materiaal tot sy beskikking identifiseer en die saak aanpak en deurvoer.

2.3 Derdens word Éljakim 'n kneg van die Here genoem

“... my kneg Éljakim, die seun van Hilkía ...” (Jes 22:20) .

Die bestuurder in die paleis van Hiskía moes “kneg” van die Here in die Dawidskoningshuis wees. Hierin het ons Here Jesus ook vir ons die voorbeeld by uitnemendheid gestel. Hy wat die Seun van God was, het dit nie geag asof Hy van iets beroof was nie, maar Hy het die gestalte van 'n mens aangeneem, en in die gestalte van 'n mens het Hy 'n dienskneggestalte aangeneem. Hy het nie gekom om gedien te word nie, maar om te dien. Daarom sê Hy ook:

“ ... Elkeen wat onder julle groot wil word, moet julle dienaar wees. En elkeen wat onder julle die eerste wil word, moet almal se dienskneg wees. Want die Seun van die mens het ook nie gekom om gedien te word nie, maar om te dien en sy lewe te gee as 'n losprys vir baie” (Mark 10:43-45).

Die predikant, as bestuurder van die huishouding van God, mag nooit 'n heerser oor God se kudde wees nie, maar hy moet diensbaar aan die koning en eenaar van die kudde bly. Daarom vervul hy ook 'n dienskneggestalte in die kudde (1 Kor 4:1-2).

Ons is daar om te dien en nie om gedien te word nie en diensbaarheid beteken beskikbaarheid. Wees dankbaar as jy 'n vol program het. Maar wees ook 'n bestuurder van jou eie program en leer om werk te delegeer. Jy is nie so belangrik dat jy die enigste is wat alles kan doen nie. Maar jy moet ook nie verwag dat ander mense goed gaan doen

as jy nooit by is en nie belang stel in wat hulle doen nie. Daarom moet jy altyd vir almal beskikbaar bly. Die selfoon is een van daardie noodsaaklike tegnologiese hulpmiddels van ons tyd wat jou altyd binne bereik van almal plaas. As jy nie leer jou eie program te bestuur nie, hardloop jy soos 'n mal ding van die een plek na die ander sonder om iets uit te rig. Ook hier geld die Woord dat ons die tyd moet uitkoop omdat die dae boos is (Efes 5:16).

Moet ook asseblief nie vir almal altyd vertel hoe vreeslik besig jy is nie. Daar is min dinge wat 'n mens so afsit as iemand voortdurend vertel hoe besig hy is. Almal het vandag vol programme.

2.4 Éljakim is deur die Here self tot sy ampswerk geheilig.

“... en Ek sal hom jou gewaad aantrek en hom gord met jou gordel, ...” (Jes 22:21a)

Omdat die Here self die bestuurder van die huishouding aanstel, heilig Hy self ook hierdie bestuurder vir sy ampswerk. Hierdie heiliging kom tot uitdrukking in die Here se daad om die aangestelde te beklee met sy ampsgewaad: “en Ek sal hom jou gewaad aantrek en hom gord met jou gordel, ...” (Jes 22:21a). Hierdie woorde herinner aan die Ou Testamentiese priesters wat gesalf en gekleed is, en ook aan die skoon wit klere waarmee ons as skoongewaste geredde sondaars beklee word. Duidelik sien hierdie woorde ook op die heiligheid waarmee die amp waarin ons staan, bejeën moet word. Daarom sê ons Here Jesus ook dat ons hierdie skoon wit klere nie mag besoedel nie: “Maar jy het enkele persone ook in Sardis wat hulle klere nie besoedel het nie, en hulle sal saam met My in wit klere wandel, omdat hulle dit waardig is.

Wie oorwin, sal beklee word met wit klere, en Ek sal sy naam nooit uitwis uit die boek van die lewe nie, en Ek sal sy naam bely voor my Vader en voor sy engele” (Openb 3:4-5).

Die Here sê ook vir ons deur die apostel Paulus:

“dat julle, wat die vorige lewenswandel betref, die oue mens moet aflê wat deur die begeerlikhede van die verleiding te gronde gaan, en dat julle vernuwe moet word in die gees van julle gemoed en julle met die nuwe mens moet beklee wat na God geskape is in ware geregtigheid en heiligheid” (Efes 4:22-24).

Die gedagte van afsondering, eenkant geplaas vir 'n spesifieke doel, kom duidelik in die begrip “heilig” na vore. Opregte vroomheid pas by die geroepe predikant. Die skeiding tussen opregte vroomheid en skynheiligheid is egter 'n baie dun lyn. 'n Mens kan opregte vroomheid nooit veins nie. Selfs 'n kind, en veral 'n kind, sien dwarsdeur jou. Dit is nie 'n hartseer glimlaggie ('n “*sad smile*”) wat van jou 'n vroom predikant maak nie, maar 'n lewenswandel wat erns maak om aan die tien liefdesgebooue van ons Here uitdrukking te gee in jou lewe! Valse vroomheid stoot mense af want so 'n predikant skep die indruk van onbereikbaarheid en dit skrik mense af om oor hulle probleme met hom te praat. Vroomheidstroontjies van predikante skep die indruk by lidmate dat hulle nooit 'n probleem mag hê nie, en dat hulle predikant bo alle versoekings en probleme verhewe is.

2.5 Vyfdens word hierdie dienskneg van die Here met besondere mag deur die Here beklee.

Die Here lê die mag wat Sebna gehad het, in sy hande (Jes 22:21b). Hy sal 'n invloedryke persoon in die huishouding van sy heer wees. As simbool van die mag waarvoor hy beskik dra hy “die sleutel van die huis van Dawid” op sy skouer. Klaarblyklik het ons hier te doen met 'n hout-sleutel wat op sy skouer vasgesteek is as simbool van die mag waarvoor hy in die koningspaleis beskik het. En dan sê die Here vir hom:

“... en hy sal oopmaak, en niemand sal sluit nie; en hy sal sluit en niemand sal oopmaak nie” (Jes 22:22).

Toe Petrus bely het dat Jesus “die Christus van God” (Luk 9:20) is, het Jesus vir hom gesê:

“... Ek sal jou die sleutels van die koninkryk van die hemele gee; en wat jy ook op die aarde mag bind, sal in die hemel gebonde wees, en wat jy ook op die aarde mag ontbind, sal in die hemel ontbonde wees” (Mat 16:19).

Geroepe bestuurders in die huishouding van God is eenvoudig met besondere magte beklee. By enige mens is nederigheid 'n mooi eienskap, maar as geroepe predikante in die huishouding van God mag ons nie 'n “ekskuus dat ek lewe”-houding teenoor elke mens hê nie.

Ons moet egter die grootste waaksaamheid beoefen om ons nie aan magsmisbruik skuldig te maak nie. Dit was juis hierdie instelling wat tot die val van Sebna gelei het. Die predikant wat glo dat hy altyd die enigste een is wat reg is, wie dink dat sy woord wet is, en wat mense altyd met die kerkorde oordonder, maak misbruik van die mag waarvoor hy beskik en is vir almal rondom hom tot aanstoot.

2.6 Sisdens neem ons daarvan kennis dat sy bestuurstyl daardeur gekenmerk word dat hy 'n vaderfiguur vir sy mense was:

“... en hy sal vir die inwoners van Jerusalem en vir die huis van Juda 'n vader wees” (Jes 22:20).

Natuurlik beteken hierdie woorde nie dat Éljakim 'n soort Jacob Zuma-figuur teenoor die jong dames in die koning se huishouding was nie. Die Bybelse simboliek rondom die woord “vader” is ontsaglik ryk en omvangryk. In die Ou Testament alleen kom die woord “*ab*” (*av*) – vader – omtrent 1200 keer voor. Wanneer hierdie woord as metafoor vir God gebruik word, sien dit veral op God se liefde en genade. Hy sien met groot barmhartigheid en ontferming om na die belange van sy “kinders” (Sy kinders is die wat Hom vrees asook die weduwees en die weses - Ps 103:13 en 68:6). In die wysheidsliteratuur (veral Spreuke) is die vaderfiguur die raadgewer wat met lewenswysheid teenoor sy kinders (sy seun) optree.

In die Nuwe Testament het ons Here Jesus aan ons, wat Hom aangeneem het en in sy Naam glo, die mag gegee om kinders van God te word (Joh 1:12) en Hy het ons geleer om te bid: “Onse Vader wat in die hemele is” (Matt 6:9).

Dit is in hierdie sin dat ons nou ook ’n vaderfiguur in die gemeente behoort te wees. Ons wat deur Christus in hierdie vaderliefde gewortel en gegrond is (Efes 3:17), behoort die vaderliefde van genade, barmhartigheid en raadgevende wysheid teenoor lidmate in die gemeente uit te dra. Dit is hoe Paulus ’n ware geestelike vader teenoor Timótheus kon wees (1 Tim 1:2). Selfs die jong predikant word geroep om die rol van ’n geestelike vader in God se huishouding te vervul. Om werklik ’n vaderfiguur te wees, hang nie af van die predikant se ouderdom nie, maar dit het eerder met die verhouding tussen hom en die Vader van onse Here, Jesus Christus, te doen.

3 ’n Bediening gefokus op die roeping van die gemeente

Die laaste paar verse van ons gelese gedeelte is baie interessant. Die beeld wat hier gebruik word het te doen met kombuisgereedskap wat aan ’n pen in die muur opgehang word. Die pen is tussen die klippe in die muur ingeslaan. Daar staan:

“En Ek sal hom inslaan soos ’n pen in ’n vaste plek, en hy sal ’n eretroon wees vir die huis van sy vader. En hulle sal aan hom ophang die hele swaarte van die huis van sy vader, die spruite en die wilde lote, al die klein huisraad, van komme af tot allerhande kruike toe” (Jes 22:23-24).

Hierdie vers word opgevolg met die woorde:

“In dié dag, spreek die HERE van die leëskare, sal die pen padgee wat in ’n vaste plek ingeslaan is: dit word afgebreek en val, en die drag goed wat daaraan hang, raak tot niet, want die HERE het dit gespreek” (Jes 22:25).

Skrifverklaarders verskil oor die interpretasie van hierdie twee verse. Sommige meen dat hierdie woorde sou terugslaan op die bestuurstyl van Sebna, wat hom aan die praktyk van “baantjies vir boeties” skuldig sou gemaak het. Ander skrifverklaarders meen dat dié verse eerder te make sou hê met Éljakim wat hom uiteindelik ook aan nepotisme skuldig sou gemaak het en daarom ook deur die Here uit sy pos gesit sou word. Ongelukkig het ons geen historiese gegewens om te kan bevestig of hier van Sebna of van Éljakim gepraat word nie.

Hoe dit ook al sy, iets van die groot groot gevaar dat bestuurders in die huishouding van God oorlaai kan word en dat hulle hul aan magsmisbruik, wat met nepotisme gepaard gaan, skuldig kan maak, kom sekerlik in hierdie verse na vore. Indien die betrokke woorde op Éljakim betrekking sou hê, waarsku die Here dat selfs die bestes onder ons moet oppas dat hulle nie voor die versoeking val om hulle te laat misbruik en hulle eie mense, of net mense met wie hulle klaarkom, in die uitoefening van hulle amp te bevoordeel ten koste van ander nie.

Toe ek die woorde lees, was my eerste indruk dat die Here daarmee vir ons sê dat die predikant ’n baie swaar las moet dra. Dit gaan mos hier om ’n pen wat in die ou kliphuise tussen klippe in die mure van die kombuis ingeslaan is om allerlei kombuisgereedskap

aan op te hang. Daarom het ek gedink dat hierdie woorde te doen het met die bestuurder in God se huishouding wat moet weet dat hy daartoe bestem is om 'n swaar las te dra.

Verdere besinning het my egter laat besef dat hierdie woorde welliswaar met die roeping van die bestuurders in die paleishuishouding van God te doen het, maar dit gaan om meer as net sy groot verantwoordelikheid. Hierdie teksverse het ook met die roepingsverantwoordelikheid van die paleishuishouding as sodanig te doen. Die beeld van die kombuisgereedskap slaan op die funksies van die mense in die paleishuishouding en die beeld van die pen in die muur het te doen met die bestuurder as sodanig. Eintlik gaan dit om die interaksie tussen hulle wat bestuur en die wat bestuur word. Kerklik gesproke gaan dit om die verhouding tussen die dominee as geroepene van die Here, die ouderlingeraad as geroepe regeerders van die kerk, die diakens as geroepe priesters in die kerk en lidmate van die kerk as geroepe profete, priesters en konings in die kerk van Jesus Christus.

3.1 Die roeping van die gemeente dat elke lidmaat priester, profeet en koning van God in die wêreld sal wees

Inderdaad behoort al die kombuisgereedskap nie aan een pen in die kombuismuur opgehang te word nie. Wanneer die drag te swaar word en die pen so misbruik word, wikkel die pen los uit die stene om naderhand uit te val en dan is die pen nutteloos om verder gebruik te word. Die oplossing lê dan daarin dat toegesien moet word dat daar vir elke stukkie gereedskap in die kombuis 'n pen is, sodat elkeen altyd beskikbaar kan wees om sy eie funksie in die kombuis te kan verrig.

Die beeld van die pen wat kreun onder die gewig van al die kombuisgereedskap het 'n boodskap vir al daardie panne, kastrolle, messe en vurke wat aan die een pen hang. Julle is besig om die pen uit sy plek in die muur te wikkel!

Hiermee word ons aandag op die roepingsverantwoordelikheid van die hele gemeente gevestig.

Eerstens behoort die gemeente te kyk of hulle dominee en sy vrou nie oorlaai word nie. Die hele huishouding van God het die verantwoordelikheid om sorg te dra dat die paleisbestuurder sy werk effektief doen sonder dat hy oorlaai word. Die paleishuishouding moes sorg dat die paleisbestuurders hulle werk "onbesorg" doen. Staan dit dan nie geskrywe in ons beroepsbrief nie?:

"Die kerkraad onderneem om u te onderhou ...", "Van sy kant beloof die Kerkraad aan u die liefde en agting, die gebede en stoflike onderskraging wat aan 'n dienskneg van die Here verskuldig is volgens Gods Woord. Om u van bekommernisse oor die stoflike te vrywaar, ..." (KO Bylae 5.7 p83 – 2004 uitgawe).

Ons teksvers wys heen na die verantwoordelikheid van die gemeente om te sorg dat daar nie te veel stoflike en geestelike eise aan hom gestel word nie, sodat hy sy werk "onbesorg" kan doen. Om dit moontlik te maak mag al die kombuisgereedskap nie aan die een pen in die kombuismuur opgehang word nie. Die werk van die dominee moet ligter gemaak word deurdat elke lidmaat besef dat hy ook self skouer aan die wiel sal

moet sit. Wanneer die kombuispersoneel die wilde en mak lote saam met al die kombuisgereedskap as ornamente aan die pen in die muur hang, het hulle so swaar geword dat die pen nie op sy plek in die muur bly en sy funksie behoorlik vervul nie. Elke stuk “kombuisgereedskap” in die huishouding van God het ’n taak en moet elkeen aan sy eie pen te hang. Dit is die roeping van elke ouderling om ’n pen in die huishouding van God te wees, en dit is elke lidmaat se roeping om ook self ’n pen te wees wat help om die las te dra.

In die huishouding van God is die kombuisgereedskap aan die penne in die muur elke lidmaat wat self sy amp as koning, priester en profeet van God vervul. Elkeen se roeping is gegrond en gevestig in die ampswerk van onse Here, Jesus Christus. Dit is hoe elke stuk kombuisgereedskap aan sy eie pen behoort te hang. Daarom word daar vir die gemeente gesê:

“... julle is ’n uitverkore geslag, ’n koninklike priesterdom, ’n heilige volk, ’n volk as eiendom verkry, om te verkondig die deugde van Hom wat julle uit die duisternis geroep het tot sy wonderbare lig” (1 Petr 2:9).

3.2 Die roeping van die gemeente om hulle te laat opbou

In Efesiërs 2:22 lees ons:

“... in wie julle ook saam opgebou word tot ’n woning van God in die Gees ...”.

Ongelukkig het ons nie te doen met ’n klomp kombuisgereedskap wat hulle willoos laat rangskik en gebruik nie. Ons het te doen met mense wat so bestuur moet word dat hulle opgebou word om elk sy eie funksie uit te oefen.

Nou is dit egter juis die kombuisgereedskap wat in ons teks verwyrt word dat hulle aan die een pen bly hang en hom uit sy plek in die muur loswikkell. Hiermee word juis ook vir die gereedskap gesê dat hulle elkeen hulle eie plek moet vol staan. Daarom word hiermee vir die gemeente gesê dat hulle hul ook moet laat opbou sodat elke lidmaat sy eie funksie in die gemeente kan vervul sonder om aan die dominee te hang. Dit is die gemeentelike se roeping om hulle te laat opbou as profete, priesters en konings in God se huishouding.

Die bekende woorde van Paulus aan die Efesiërs is hier van toepassing:

“En Hy het gegee sommige as apostels, ander as profete, ander as evangeliste, ander as herders en leraars, om die heiliges toe te rus vir hulle dienswerk, tot opbouing van die liggaam van Christus, todat ons almal kom tot die eenheid van die geloof en van die kennis van die Seun van God, tot ’n volwasse man, tot die mate van die volle grote van Christus; sodat ons nie meer kinders sou wees nie wat soos golwe geslinger en heen en weer gedryf word deur elke wind van lering, deur die bedriëry van die mense, deur slughed om listiglik tot dwaling te bring; maar, terwyl ons in liefde die waarheid betrag, in alles sou opgroei in Hom wat die hoof is, naamlik Christus, uit wie die hele liggaam – goed saamgevoeg en saamverbind deur die ondersteuning wat elke lid gee, volgens die werking van elke afsonderlike deel in sy mate – die groei van die liggaam bevorder vir sy eie opbouing in liefde” (Ef 4:11-16).

3.3 Die roeping van die predikant wat op die roeping van die gemeente gerig is

Dit beteken dat die Here hiermee vir sy paleisbestuurders sê dat hulle hul bestuursfunksie só moet vervul dat hulle nie al die werk in die paleishouding alleen behartig nie, maar dat hulle moet toesien dat elkeen in die huishouding sy eie funksie so doeltreffend moontlik uitvoer. As die paleisbestuurder dit nie reg kry nie, sal hy die prooi van oorlading word. Hiermee word die paleisbestuurder geroep om toe te sien dat elke stukkie kombuisgereedskap op sy eie plek aan die muur hang, gereed om gebruik te word vir die doel waarvoor dit gemaak is. Prakties gesproke het die beeld van die kombuisgereedskap dus vir die predikant die betekenis dat hy, as bestuurder in God se huishouding, lidmate se gawes moet identifiseer sodat hulle hul gawes tot heil van die gemeente ontwikkel en aanwend. Die dominee se roeping moet so vervul word dat hy hom op die roeping van die gemeente toespits.

Is dit nie ook maar die rede waarom Moses se skoonvader, Jetro, met sy skoonseun in die woestyn gaan praat het nie? Jetro het vir Moses gesê:

“ ... Die ding wat jy doen, is nie goed nie. Jy sal heeltemal uitgeput raak, jy sowel as hierdie volk wat by jou is. Want die saak is te swaar vir jou; jy kan dit nie alleen doen nie ...” (Ex 18:17b-18).

Ons moet die werk van die “konings” (ons mede-ouderlinge) in die gemeente so inspireer dat ons as ’n span die gemeente bestuur. As geroepe bestuurder moet daar toegesien word dat die priesters (diakens) hulle priesterlike funksies in die gemeente vervul. As geroepe profete moet ons ook die vervulling van die profetiese funksies in die gemeente bestuur. Nie alleen moet ons ons eie profetiese roeping na die beste van ons vermoë vervul nie, maar omdat ons “bestuurders” in die huishouding is, moet ons mense toerus en so bestuur dat hulle hul profetiese roeping as ouderlinge, diakens, personeel by die verbondsonderrig en Bybelstudieleiers kan vervul.

Heyneke Meyer, afrigter en bestuurder van die Blou Bulle, het by geleentheid so gereageer op ’n vraag na die rede vir sy sukses. Hy het gesê dat hy hom omring het met ’n span baie knap mense. Dit wil vir my lyk of ons dikwels bang is om ’n klomp knap mense om ons te versamel. Miskien is dit omdat sulke mense vir ons ’n bedreiging is en die aandag van ons eie groot suksesse kan aflei. Uit die aard van die saak is dit altyd moeiliker om ewe-knieë te bestuur, maar as jy daarin kan slaag, is die kans op sukses soveel groter.

3.3 Om beide hulle roeping te kan vervul, moet daar ’n band van onderlinge vertroue tussen die predikant en die gemeente wees.

Deur Sebna se praalsug en nepotistiese optrede was daar in die paleis van Hiskia ’n verlamme gees van onderlinge wantroue. Dit was die afdanking van Sebna en die aanstelling van Eljakim wat weer rustigheid en onderlinge vertroue in die paleishuishouding herstel het.

Elders in die Ou Testament word die Here se volk ook vermaan om nie voortdurend vuur te stook onder die kokende pot met mensvleis nie (Miga 3:2 en 3). Daarom vermaan Miga dat die swaarde gesmelt en pikke gesmee moet word, en dat van die spiese snoeimesse gemaak moet word (Miga 4:3), sodat:

“hulle sal sit elkeen onder sy wingerdstok en onder sy vyeboom, sonder dat iemand hulle verskrik ...” (Miga 4:4).

Geen wonder dat die Nuwe Testament soveel maak van die onderlinge verhoudinge in die gemeente (1 Joh 4:7-21) en waarsku teen voortdurende kwaadstekery (Jak 3) nie! Deur Jakobus waarsku die Here ons dan ook:

“Maar as julle bittere afguns en selfsug in julle harte het, moenie roem en lieg teen die waarheid nie. Dit is nie die wysheid wat van bo kom nie, maar is aards, natuurlik, duiwels; want waar afguns en selfsug is, daar is wanorde en allerhande gemene dade. Maar die wysheid van bo is ten eerste rein, dan vredeliewend, vriendelik, geseglik, vol barmhartigheid en goeie vrugte, onpartydig en ongeveins. En die vrug van die geregtigheid word gesaai in vrede vir die wat vrede maak” (Jak 3:14-18)

Oppas vir kwaadstokers in die gemeente en moet nooit kant kies as daar partyskappe in die gemeente is nie. Dit is die roeping van die predikant om elke saak so objektief moontlik te benader. Wanneer jy vandag een party se kant teen ’n ander party kies, maak hulle môre weer vriende met mekaar en hulle kies dan saam kant teen jou. Enige kantkiesery maak van jou die weerlose speelbal in die hande van gemeentedele wat besig is met hulle verdelingspel. As predikant moet jy ook maar altyd liever die bal as die man speel.

Deur Petrus vermaan die Here ons om bo alles mekaar opreg lief te hê:

“As julle in gehoorsaamheid aan die waarheid julle siele deur die Gees tot ongeveinsde broederliefde gereinig het, moet julle mekaar vurig liefhê uit ’n rein hart” (1 Petr 1:22).

3.4 Roepingsvervulling gaan om die koning van die huishouding

Ten slotte moet gesê word dat dit die bestuurder van die paleis en die huishouding in die paleis se roeping is om die koning van die paleis te dien en te verheerlik. Sebna en Eljakim en die hele paleishuishouding het in diens gestaan van hulle koning Hiskia en hulle werk moes op die eer van sy Naam ingestel wees.

So is dit predikant, kerkraad en gemeente se roeping om in die eerste en die laaste plek die koning van die goddelike huishouding te dien en te verheerlik. Ons moet die gemeente so bestuur dat dit nooit om onself, of selfs die gemeente as sodanig, gaan nie. Roepingsvervulling van die predikant wat op die roepingsvervulling van die gemeente gerig is, geskied daar waar alles in die gemeente tot die ere van onse Koning en Verlosser gedoen word.

Die hele saak van gerigte bediening veronderstel dan ook ’n besondere verhouding tussen Hom wat roep en die geroepe predikant asook ’n besondere verhouding tussen God en sy huishouding. Daarom hang roepingsvervulling altyd af van ’n diep en ryk gebedslewe.

Omdat dit Hy is wat ons roep, toerus, aanstel en heilig, moet ons voortdurend sy aangesig en sy wil vir ons lewens soek. Bly in Hom, soos Hy in ons! As ons in Hom bly en Hy in ons, sal ons veel vrug dra, want sonder Hom kan ons niks doen nie (Joh 15:1-5).

Samevattend

Die roeping en taak van die dominee is om in die besondere tyd waarin ons lewe 'n bestuurder in God se huishouding te wees. Ons moet as predikante die gemeente só bestuur dat die gemeente hulle roeping in hierdie tyd kan vervul as huishouding van God. Die Hoof van die huishouding moet gedien word deurdat elkeen in die gemeente sy amp as profeet, priester en koning in die wêreld vervul. 'n Gemeentegerigte bediening is 'n bediening wat lidmate toerus om as geestelike volwassenes hulle Heer en Koning te dien. Die groot gevaar van selfgerigte bediening word duidelik aan ons uitgestippel en die predikant en die gemeente word vermaan om nie van die predikant die pen te maak waaraan al die kombuisgereedskap van God se huishouding hang nie.

VRAE VIR BESPREKING

1 Op watter maniere dink u kan die predikant hom skuldig maak aan 'n bediening wat op homself gerig is en kan hy hom aan nepotisme in die gemeente skuldig maak?

2 Stem u saam dat die predikant se roeping behels dat hy ook 'n bestuursfunksie in die gemeente het en watter dinge eis die tyd waarin ons leef dat dit noodwendigerwys deur die gemeente gedoen moet word?

4 As die predikant se bestuursfunksie gerig is op die roepingsvervulling van die gemeente, wat moet hy prakties in die gemeente doen?

Samevatting van lesing

DIE ROEPING VAN DIE LERAAR EN DIE ROEPING VAN DIE GEMEENTE

HCG ROBBERTZE

1 Die roeping van die leraar

In Jesaja 22:15-25 word die aandag gevestig op die nakoming van die roeping van koning Hiskia se paleisbestuurders en die paleispersoneel. Soos Sebna en Éljakim in die paleis van die koning gewerk het, werk ons ook in die paleis van ons Koning.

Sebna en Éljakim verteenwoordig twee bestuurstyle.

Sebna tree op as 'n bestuurder wat selfgerig is. Hy tree outokraties op en sy bestuurstyl word gekenmerk deur nepotisme. Eintlik werk hy vir homself en hy bevoordeel net daardie mense met wie hy goed oor die weg kom. Sy voorbeeld dien vir ons as 'n waarskuwing. Teenoor Sebna is Éljakim se bestuurstyl diensgeoriënteerd en gerig op die vervulling van sy roeping. Hy was vroom en opreg en sy roepingsvervulling was gerig op die mense met wie hy moes saamwerk. So hoort dit ook in die huishouding van God. Jesus het self ook gesê: “Ek ken my eie en word deur my eie geken” (Joh 10:14).

Die Here lê die mag wat Sebna gehad het, in Éljakim se hande en sê vir hom dat sy bestuurstyl nie deur magmisbruik gekenmerk moet word nie, maar dat hy eerder 'n vaderfiguur vir sy mense moet wees (Jes 22:20).

2 Die roeping van die gemeente

Die beeld wat in die laaste paar verse gebruik word, gaan om 'n pen wat in die ou kliphuise tussen klippe in die mure van die kombuis ingeslaan is om allerlei kombuisgereedskap aan op te hang. Inderdaad behoort al die kombuisgereedskap nie aan een pen in die kombuismuur opgehang te word nie. Hiermee word ons aandag op die roepingsverantwoordelikheid van die hele gemeente gevestig. Dit beteken dat die dominee sy roeping só moet vervul dat hy hom op die roeping van elke lidmaat in die gemeente moet toespits. Om beide hulle roeping te kan vervul, moet daar 'n band van onderlinge vertroue tussen die predikant en die gemeente wees.

Ten slotte moet gesê word dat dit die bestuurder van die paleis en die huishouding in die paleis se roeping is om die koning van die paleis te dien en te verheerlik.